



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isibhe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

RELIGIESTUDIES V1 NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	C	(1)
	1.1.2	D	(1)
	1.1.3	B	(1)
	1.1.4	C	(1)
	1.1.5	C	(1)
	1.1.6	B	(1)
	1.1.7	C	(1)
	1.1.8	C	(1)
	1.1.9	A	(1)
	1.1.10	B	(1)
1.2	1.2.1	D	(1)
	1.2.2	E	(1)
	1.2.3	A	(1)
	1.2.4	F	(1)
	1.2.5	C	(1)
	1.2.6	G	(1)
1.3	1.3.1	Doop Die ander drie is konsepte van Oosterse godsdienste.	(2)
	1.3.2	Woordeboek Die ander drie is heilige tekste van verskillende godsdienste.	(2)
	1.3.3	Baha'i-geloof Die ander drie is Abrahamitiese/Die ander drie het Abraham as voorvader.	(2)
	1.3.4	Lao Tzu Die ander drie is stigters van verskillende godsdienste.	(2)
	1.3.5	Allah Die ander drie is Opperwese van Afrika Tradisionele Godsdiens.	(2)

- 1.4 1.4.1 Sangoma (2)
- 1.4.2 Tanag/Talmoed/Tora (2)
- 1.4.3 Islam (2)
- 1.4.4 Boeddhisme (2)
- 1.4.5 Moksha (2)
- 1.5 1.5.1 Vals
Die hoof van die Katolieke Kerk is die Pous.
Baha'u'llah is die stigter van die Baha'i-geloof (2)
- 1.5.2 Vals. Die Veda's is die heilige teks van Hindoeïsme.
Die heilige teks van Boeddhisme is die Tripitaka. (2)
- 1.5.3 Vals. 'n Pelgrimstog na Mekka word Hajj genoem.
Zakaat is 'n aksie waar Moslems 2.5% van hul inkomste aan die armes gee. (2)
- 1.5.4 Waar (2)
- 1.5.5 Vals.
Ramadaan word deur Islam gevier.
Hindoes vier Divali jaarliks. (2)
- 1.6 1.6.1 • Tenzin Gyatso is die hoogste geestelike leier en hoof van Tibetaanse Boeddhisme.
• Toe Chinese Tibet binnegeval het, het hy na Indië gevlug.
• Hy is 'n Nobel Vredesprys wenner.
LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)
- 1.6.2 • Desmond Tutu was 'n Aartsbiskop van die Anglikaanse Kerk.
• Hy was anti-apartheid en was 'n menseregte-aktivis.
• Hy is 'n Nobel Vredesprys wenner vir sy werk as 'n anti-apartheid aktivis.
LET WEL: Enige relevante antwoord moet aanvaar word. (2)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2****2.1 2.1.1 'n Gelykenis**

- 'n Gelykenis is gewoonlik kort.
- Dit is 'n storie wat vertel word.
- Dit word gebruik om 'n religieuse beginsel te illustreer of 'n antwoord te verskaf op 'n religieuse vraag.
- 'n Gelykenis is 'n kunsvorm.
- Gelykenisse bevat religieuse oortuigings, idees morele waardes en waarskuwings.
- Gelykenisse word binne 'n kultuur en sosiale omgewing van die mense wat dit voortbring, gestel.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.1.2 'n Leerstelling

- Leerstelling 'n stel godsdienstige leringe beginsels of oortuigings.
- Dit verwys meestal na die rol van intellektueles of geleerdes in godsdienstige gemeenskappe.
- Daar is 'n sin van argumentering en onderhandeling aangesien doktrines opgestel word in verhouding tot filosofiese wêreldbeskouings.
- Leerstellings word dikwels bevraagteken.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.1.3 Vergelykbaarheid

- In die konteks van godsdienste beteken dit dat twee of meer godsdienste vergelyk kan word.
- Daar kan ooreenkomste wees.
- Daar kan verskille wees

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.2 2.2.1 Uniekheid van Islam

- Moslems glo Allah is die enigste ware God.
- Moslems glo dat Mohammed is Allah se laaste profeet.
- Die Koran kan slegs in Arabies gelees word.
- Allah is niemand se Vader nie.
- Allah het ook geen seuns of dogters nie.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.2.2 Uniekheid van Christendom

- Christene glo in die Drie Eenheid, daar is slegs een God wat uit drie persone bestaan.
- Die Drie Eenheid is God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.
- Jesus is die Seun van God.
- Jesus is God geïnkarnear.
- Christene glo God het Jesus na die aarde gestuur om te sterf vir die sonde van die wêreld.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.2.3 Uniekheid van Taoïsme

- Die Tao-te-Ching is in een nag deur sy legendariese stigter Lao tzu geskryf.
- Hy is met wit hare gebore.
- Hy het agt van tagtig jare in sy moeder se baar deurgebring.
- Taoïste glo dat die werking van die heelal goddelik is.
- Alle dinge van bestaan kom en bestaan kom van nie-bestaan.
- Volgens Taoïste bestaan alles in die skepping as gevolg van twee kragte, naamlik die Yin en die Yang.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(4)

2.3 Hoe skep godsdienste 'n gedeelde identiteit?

- Hulle het gemeenskaplike rituele.
- Hulle het 'n stel gemeenskaplike, nie-onderhandelbare fundamentele oortuigings.
- Hulle het 'n gemeenskaplike kleredragkode, veral tydens seremonies.
- Elke godsdienst gebruik unieke simbole bv. die Kruis vir Christendom, die Yin/Yang simbool vir Taoïsme.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(4)

2.4 Verhoudings tussen onderrig en oortuiging.

- Gosdiensonderrig is gebaseer op die oortuiging van 'n godsdienst.
- Onderrig word gebruik om oortuigings te versterk.
- Godsdienstige onderrig word as sekondêr tot godsdienstige oortuigings beskou, omdat godsdienstige oortuigings as die uiteindelijke beskou word.

(4)

2.5 Doelwitte van Hindoeïsme

- Dharma
- Karma
- Moksha
- Artha

(6)

2.6 Onderskei tussen:**2.6.1 Die Koraan en die Hadith**

- Die Koran is die direkte, letterlike Woord van Allah wat aan Profeet Mohammed geopenbaar is.
- Die Hadith is 'n aangetekende versameling van die Profeet se eie woorde, dae en goedkeurings.

(4)

2.6.2 Olodumare en Dzengi

- Olodumare is die Oppergod in die Yoruba godsdienst.
- Dzengi is 'n woud gees wat help met jag in die Aka godsdienst.

(4)

2.7 Funksies van Uniekheid.

- Uniekheid help die lede om hul geloof te versterk.
- Dit help ook die lede om te identifiseer wie behoort en wie behoort nie.
- Uniekheid help ook om te verduidelik hoekom hulle daardie godsdiens gekies het.
- Dit bied gelowiges ook redes waarom hul godsdiens die beste is.
- Dit verskaf die kenmerke wat elke godsdiens van ander onderskei.

(4)
[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Vervolging van Christene in Nigerië. (2)

3.1.2 “ ’n Huidige kwessie wat internasionale aandag in die media geniet ...” (2)

3.1.3 Media dekking

- Die vervolging van die Christene was deur die koerante gedek.
- Televisie nuusnetwerke het die stories oor die vervolging van Christene gedek.
- Selfs die sosiale media het die stories oor die vervolging van Christene gedek.

(4)

3.1.4 Hoe het die Suid-Afrikaanse media die dekking van godsdiens na 1994 verander?

- Voor 1994, was Christendom die staatsgodsdiens en het die uitsluitlike dekking op die televisie en radio ontvang.
- In 1994, het Suid-Afrika ’n sekulêre staat geword met ’n demokratiese konstitusie.
- Alle staatsmedia (televisie en radio) moes erkenning aan alle godsdienste gee.
- Verskeie onafhanklike mediahuise het ontstaan, bv. Daystar, Trinity Broadcasting Network (TBN), Islamic TV sowel as programme soos “Issues of Faith on SABC”, Radio Hindvani.
- Hulle het dekking aan verskeie godsdienste gee, nie net Christendom nie.
- Gemeenskap rasiostasies en tydskrifte het dekking aan plaaslike godsdienstige gebeure gegee.
- Die publiek kan klagtes oor onregverdige godsdienstige dekking by die Menseregte Kommissie (MRK) en die Broadcasting Complaints Commission in South Africa (BCCSA), maak.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(8)

3.1.5 Drie tipes media uit die leesstuk.

- Gedrukte media
- Uitsaai media
- Sosiale media

(6)

3.1.6 **Twee aspekte van godsdiens wat jy dink die meeste dekking ontvang.**

Gee twee redes waarom jy dink dit gebeur.

- Skandalige dade deur godsdiensleiers gepleeg.
- Sensasionele nuus items.
- Mediahuise floreer op sensasionalisme.
- Skandale en misdaad verkoop.
- Mediahuise wil hul winste vermeerder.

(8)

3.2 3.2.1 **Stereotipering**

- Die toeskryf van vaste, oor gesimpliseerde veralgemenings wat deur individue gemaak word oor hul godsdienstige affiliasie.
- Dit is oor die algemeen bevooroordeelde veralgemenings.
- Stereotipering verlaag kompleks gemeenskappe na nou, onakurate spotprentjies, wat diskriminasie kan veroorsaak, vooroordeel in die werksplek, en sosiale skeiding.

(2)

3.2.2 **TWO stereotypes in die leesstuk.**

- Moslems is gewelddadig.
- Jode is gierig.
- Christene is leuenars.

(4)

3.2.3 **Wat dink jy kan die media doen om stereotipering te beeindig.**

- Leer joernaliste en inhoudskeppers oor verskillende godsdienstige tradisies om misinterpretasies oor verskillende godsdienste en oortuigings te vermy.
- Raadpleeg en lewer hoofstroom, gematigde opinies van verskillende godsdienste eerder as om slegs op ektrimiste en leiers op die rand van die godsdiens.
- Hou nuusagentskappe verantwoordelik vir die skeiding van godsdiens van misdaad en om te verseker dat die aksies van 'n paar individue nie gebruik word om stereotipering op groot groepe toe te pas nie.
- Beklemtoon die alledaagse, positiewe bydraes wat verskeie godsdienstige gemeenskappe maak tot die gemeenskap, deur te fokus op gemeenskapswerk, liefdadigheid en gedeelde waarde.
- Ontwikkel 'n gedragskode vir joernaliste wanneer hulle op godsdienstige kwessies fokus.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(8)

3.2.4 **Waarom mediadekking toegeneem het oor die jare.**

- Dit is die grens en negatiewe kwessie wat godsdienste die meeste dekking gee.
- Klagtes oor die onetiese gedrag van godsdienstige leiers vanaf gemeenskap lede het toegeneem.
- Gevaarlike kerkaktiwiteit het sterk na vore gekom.
- Kontroversiële kwessies ontvang meer dekking as geestelike kwessies.
- As godsdienstige leiers beskuldig word van oortredings, word hulle die hooftrekke.
- Intendeel, as godsdienstige leiers hul normale werk doen, soos bv om die armes te klee en te voed, word dit nie gesien as nuuswaardig nie.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(6)
[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Kameroense (2)

4.1.2 **Watter traumatiese gebeurtenis het plaasgevind?**

- Ongeveer tien mans het sy deur afgebreek.
- Hulle het hom en sy 3 kollegas met gholfstokke en sjambokke geslaan.
- Hulle het hom met pepersproei gespuit.
- Daar was verdowingswapens 'stunguns' op hulle gebruik.
- Die betogers het hulle tot buite gevolg en hulle geslaan terwyl nie een van hulle duidelik kon sien nie.

(4)

4.1.3 **Watter regte geskend is**

- Reg tot menswaardigheid.
- Reg tot vryheid en sekuriteit van die persoon.
- Reg tot eiendom.
- Reg tot toegang na die howe.

(6)

4.1.4 **Leringe wat Menseregte bevorder.**

Voorbeeld 1 Christendom

- Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
- Christene glo dat alle mense geskape is na die beeld van God.
- Alle mense verdien daarom om met respek en regverdigheid behandel te word.
- Hierdie lering moedig mense aan om almal gelyk behandel te word.
- Dit beklemtoon deernis, gelykheid en beskerming van ander se regte.
- Jy mag nie moordpleeg nie.
- Dit verwys na die heiligheid van lewe.
- Doen aan ander soos jy wil hê hulle aan jou moet doen.
- Christendom leer dat niemand onregverdig behandel moet word of basiese regte ontsê moet word nie.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

Voorbeeld 2 Afrika Tradisionele Godsdien

- In ATG word individualisme as onmenslik gesien.
- Die godsdien beklemtoon die belangrikheid van gemeenskapseenheid, ongeag godsdienstige affiliasie.
- Die 'Ilima' praktyk is een waar die gemeenskap alle lede help wat behoeftes het.
- ATG bevorder die filosofie van 'ubuntu' wat beteken dat jy 'n mens is vanweë jou menslikheid teenoor ander mense.
- Dit beteken dat deur ander met omgee en respek te behandel, is hoe jy behandel gaan word.
- Dit is die bevestiging van menswaardigheid.

(6)

4.1.5 Praktiese strategieë om godsdienstige verdraagsaamheid te bou.

- Interreligieuse dialoog het baie voordele.
- Voordele soos die geleentheid om uit te vind en dieper na te dink oor verskillende godsdienste.
- Hulle moet saamwerk aan multi-geloof projekte wat handel oor kwessies wat die jeug affekteer.
- Die jeug moet geleenthede van verskillende godsdienste bywoon.
- Reël oop dae by verskillende plekke van aanbidding.
- Verstaan verskeie geloofstelsens sodat daar verdraagsaamheid van diversiteit is.
- Hulle moet ten minste drie mense ontmoet van godsdienste anders as hulle eie.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(8)

4.1.6 Wetlik

(2)

4.1.7 Noem enige TWEE ander menseregte en bespreek die verantwoordelikheid wat daarmee geassosieer word.**Vryheid van diskriminasie**

- Jy het die verantwoordelikheid om hierdie reg te handhaaf vir jouself sowel as vir ander.
- Jy mag nie diskrimineer teen ander gebaseer op hul ras, kleur, geslag, taal of politieke opinie nie.

Die reg tot 'n huwelik en familie

- Jy het die verantwoordelikheid om die familie lewe te ondersteun en te bevorder, veral jou eie.
- Jy het die verantwoordelikheid om nie op enige manier op te tree wat tot die opbreek van 'n familie kan lei nie.

Die reg tot opvoeding

- Jy het die reg om klasse by te woon.
- Jy het die verantwoordelikheid om 'n toegewyde leerder/student te wees wat die werk en studies doen wat vereis word.

LET WEL: Enige ander relevante antwoord moet gekrediteer word.

(8)

4.1.8 Het 'n Sekulêre Staat groter respek?

JA

- Alle godsdienste word dieselfde behandel.
- Die staat het die reg om in te meng in aangeleenthede van godsdiens as dit 'n negatiewe impak op gemeenskappe het.
- Godsdienste wat in die verlede die staat beïnvloed het, word nou dieselfde behandel as ander godsdienste.
- 'n Godsdienst staat dwing die staatsgodsdienste op nie-gelowig af.

NEE

- Menseregte is gewortel in wat godsdienste vir eeue al gedoen het.
- Menseregte kan deur beide sekulêre en godsdienstige state gerespekteer en geskend word.
- Godsdienstige state kan menseregte aanvaar sonder om na 'n sekulêre staat te verander.
- Menseregte is nie sekulêre konsepte nie, maar word afgelei van godsdienstige oortuigings.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (8)
Waar die kandidate beide JA en NEE antwoord, mag 'n maksimum van VIER punte vir enige regverdiging toegeken word.

4.2 4.2.1 Godsdienste Vryheid

- Godsdienstige Vryheid beteken dat elke mens die fundamentele reg het om te kies, te hou, te verander en aktief betrokke te wees by watter geloof of godsdiens hulle wil wees.
- Daar mag geen staatsdwang, diskriminasie of vrees vir vergelding vanaf enige iemand wees nie.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

4.2.2 Redes waarom SA 'n vreedsame saambestaan tussen godsdienste beleef.

- Suid-Afrika is 'n sekulêre staat.
- Die Handves van Regte in die Suid-Afrikaanse Konstitusie waarborg Vryheid van godsdiens.
- Verskillende godsdienste bestaan saam en elkeen is vry om te aanbid waar hulle wil ongeag ras, kleur of taal.
- Daar is geen staatsgodsdienste wat ander gelowe domineer nie.
- In openbare skole is daar vryheid van godsdienstige beoefening en gewete.
- Leerders van verskillende tale en godsdienstige agtergronde is vry om opvoeding te kry in die skole van hul keuse.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (6)

[50]

VRAAG 5

- 5.1 5.1.1 • Judaïsme en Islam (4)
- 5.1.2 • Land
• Politieke beheer van hoog heilige gebiede.
• Sekuriteit
• Selfbeskikking (4)
- 5.1.3 • Lebanon
• Sirie
• Iran
• Jemen (4)
- 5.1.4 • Gevegte en lugaanvalle duur voort.
• Israel se aanvalle en burgerlike slagoffers.
• Humanitêre uitdagings.
• Vredesonderhandelinge wat nie vorder nie. (6)

5.2 Leringe oor Konflik**Voorbeeld 1: Christendom**

- “Almal wat die swaard opneem, sal deur die swaard om kom.” (Mat 26:5).
- Hierdie aanhaling beteken dat geweld afgekeur word.
- Bybel leer jy mag nie doodmaak nie.
- Doodmaak is sonde want lewe is heilig.
- Lewe is 'n geskenk van God.
- Jy moet jou naaste liefhê soos jouself (Markus 12:31)
- Hierdie lering moedig Christene aan om te verseker dat hulle basiese behoeftes soos kos, skuiling en water, te deel.
- Dit beteken ons kan deur liefde ander godsdienste soos ons eie aanvaar.
- Organisasies soos die Heilsleër verskaf sopkombuise vir armes wat dus aan die behoeftes van armes voldoen.

Voorbeeld 2: Afrika Tradisionele Godsdienste

- 'n Sentrale tema in ATG is ubuntu.
- Ubuntu beteken om ander se behoeftes voor jou eie te plaas.
- Dit impliseer dat almal in die gemeenskap met liefde en respek hanteer moet word.
- Die Ilima-praktyk (gratis arbeid) maak seker dat daar aan almal in die gemeenskap se basiese behoeftes voldoen word.
- Ilima gee waardigheid aan alle mense in die gemeenskap.

LET WEL: Enige relevant antwoord moet gekrediteer word. (8)

5.3 PRAKTIESE STAPPE DEUR ORGANISASIES

- Godsdien leiers word gerespekteer en het gewoonlik deur hulle godsdienste kontakte in baie dele van die wêreld.
- Hulle moet met politieke partye saamwerk, om 'n oplossing te vind aangesien die konflik nie godsdienstig is nie.
- Hulle het toegang tot 'n netwerk van mense van oor die wêreld heen wat met die oplossing van die konflik kan help.
- Die meeste godsdienste verkondig vrede en barmhartigheid. Daarom moet lede gewillig wees om materieel en finansieel tot alle slagoffers van die konflik by te dra.
- Godsdienstige leiers kan 'n intergodsdienstige beraad byeenroep om die konflik te bespreek.
- Die gesprek moet lei tot praktiese stappe wat aan beide kante gedoen kan word, ten spyte van godsdien, om die situasie aan te spreek.
- Godsdiensteorganisasies kan hulle godsdienstige oortuigings oor vrede in die wêreld en heiligheid van die lewe te gebruik om leiding te gee vreedsame gedrag en 'n voorbeeld daarvan te wees.
- Godsdiensteorganisasie kan saamwerk om menslike lyding, soos 'n gebrek aan kos, mediese voorraad en ander benodighede te verlig.
- Godsdiensteorganisasie moet met die Afrika-Unie, die Verenigde Nasies en baie ander Internasionale bystandsagentskappe netwerk en probeer om burgerlikes te beskerm en te ondersteun.
- Organisasies soos die Islamic Relief Agency en die Catholic Agency for Overseas Development moet baie fokus op praktiese ondersteuning, soos mediese voorraad, skooling vir slagoffers en voorsiening van kos.

(6)

5.4 Kategorieë van godsdienstige konflik

Intergodsdienstige konflik

- Konflik tussen verskillende godsdienste.
- Byvoorbeeld Judaïsme teen Islam
- Islam teen Christendom

Intragodsdienstige konflik

- Konflik tussen groepe in dieselfde godsdien
- byvoorbeeld, tussen Sunni en Shia Moslam in Syria en Iraq.
- Konflik tussen Kalotieke en Protestante in Noord Ireland

(4)

5.5 Waarom kan godsdienste organisasies nie godsdienstige konflik oplos nie?

- Godsdienste het selde invloed oor politici.
- Hulle het beperkte befondsing, gewoonlik deur openbare skenkings.
- Hulle kan gesien word as partydig vir een kant.
- Daar kan meer as een organisasie betrokke wees by vredesbemiddeling.
- Dit kan konflik vererger.
- Godsdienstige tekste kan op verskillende maniere geïnterpreteer word. Sommige individue of groepe kan godsdien gebruik om verdeeldheid eerder as vrede te bevorder.
- Gebrek aan dialoog en begrip kan konflik oplossing moeiliker maak.
- Historiese spanning is verbind aan vorige gebeure, diskriminasie of geweld. Hierdie herinneringe kan versoening moeilik maak.
- Godsdienstige organisasies het nie 'n meganisme om ooreenkomste af te dwing nie, bv. 'n leer.

LET WEL: Enige ander relevante antwoord moet gekrediteer word.

(6)

5.6 Dink jy godsdiens speel 'n groot rol in die Israel-Palestina konflik? Gee 'n rede vir jou antwoord.

- Godsdiens speel 'n rol in die Israel-Palestina konflik omdat beide Jode en Moslems die land as deel van hul godsdienstige erfenis sien.
- Moslems heg waarde daaraan omdat dit belangrike heilige plekke bevat soos die Al-Aqsa Moskee.
- Hierdie godsdienstige verbintenis maak die konflik moeilik om op te los.
- Vir baie Jode is die land Israel Heilig.
- Jode verbind dit met God se verbond met hulle.
- Dit bevat belangrike heilige plekke, insluitende die klagmuur.
- Politieke en territoriale faktore is egter die hoof oorsake van die konflik.
- Sentrale kwessies vir dekades is die volgende;
- Geskille oor grense en beheer van grond.
- Ook geskille oor staatskap en die regte van vlugtelinge
- Die konflik word beste verstaan as 'n kombinasie van godsdienstige, politieke, historiese en territoriale faktore.
- Dit is dus nie 'n suiwer godsdienstige geskil.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(6)

5.7 Omstandighede waaronder godsdienstige oorlog toelaatbaar is.

- Daar is oorloë waar 'n staat besluit dat mense in 'n naburige staat na 'ware godsdiens' bekeer moet word, evangeliese oorloë.
- Oorloë uit selfverdediging word as regverdige oorloë beskou.
- Oorloë om 'n ander land te verower.
- Oorloë van vergelding, waar mense veg om wraak te neem vir 'n oortreding/misdryf wat teen hulle godsdiens gepleeg is, word toegelaat.
- Militêre mag en staatsmag word as weerspieëlings van die glorie van God beskou; verowering van ander state vir die glorie van God.

LET WEL: Enige relevant antwoord moet gekrediteer word.

(4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 100

GROOTTOTAAL: 150